**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf:

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Moenie die lengte-instruksies by opstelvrae verontagsaam nie.
- Jy moet vyf vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae se antwoorde deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- Drie gedigte (Een ongesiene gedig en twee voorgeskrewe gedigte) (40)
- Een dramavraag (30)
- Een prosavraag (30)

**[100]**

AFDELING A
**POËSIE**

Beantwoord DRIE vrae uit hierdie Afdeling.

**ONGESIENE GEDIGTE**
VERPLIGTE VRAAG: Beantwoord Vraag 1 (kortvrae) **OF** Vraag 2 (paragraaftipe vraag).

**EN**

**VOORGESKREWE GEDIGTE**
KEUSEVRAE : Beantwoord enige TWEE vrae uit die volgende:
Vraag 3 **OF** Vraag 4 **OF** Vraag 5 **OF** Vraag 6.

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## DRAMA (*DIE KEISER*)

Beantwoord EEN vraag uit hierdie Afdeling.

**KONTEKSTUELE VRAE** : Vraag 7

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE** : Vraag 8

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie Afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord het, **móét** jy die langer tipe vraag in Afdeling C beantwoord, of andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie!
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies oor die betrokke roman wat jy vanjaar behandel het.

**KONTEKSTUELE VRAE**

| | | |
|---|---|---|
| | | (30) |
| VRAAG 9 | *Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 10 | *By Fakkellig* (Karel Schoeman) | (30) |
| VRAAG 11 | *Fiela se Kind* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 12 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | |

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

| | | |
|---|---|---|
| | | (30) |
| VRAAG 13 | *Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 14 | *By Fakkellig* (Karel Schoeman) | (30) |
| VRAAG 15 | *Fiela se Kind* (Dalene Matthee) | (30) |
| VRAAG 16 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**
**TOTAAL: 100**

AFDELING A
**POËSIE**

**ONGESIENE GEDIGTE**
**(VERPLIGTEND)**

Beantwoord **óf** die kontekstuele tipe vrae by Vraag 1, **óf** die paragraaftipe vrae by Vraag 2.

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande gedig ***beton*** sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

***beton***

1 gister kon jy nog hoes
2 agter 'n bossie skuil of koes
3 vandag is daar skaars asem te haal
4 agter die groei van beton, staal en roes

**Floris. A Brown**
uit: ***Aankoms uit die skemer***

1.1 Na wie verwys **jy** in r. 1? (1)

1.2

1.2.1 Skryf TWEE tydsaanduidende woorde waardeur progressie aangedui word neer. (2)

1.2.2 Skryf 'n frase uit r. 3 – 4 neer wat suggereer dat hierdie progressie nadelig kan wees. (1)

1.2.3 Watter woord in die gedig sluit by hierdie nadeel aan? (1)

1.3 Hoe sluit die verslengtes van die kwatryn visueel aan by die **groei** (r. 4) van stede? (1)

1.4 Watter tegniek gebruik die digter om r. 3 uit te hef? (1)

1.5 **Bossie** in r. 2 het moontlik simboliese waarde. Waarvan is **bossie** verteenwoordigend? (1)

1.6

1.6.1 Sê of jy saamstem met die siening dat die uitbreiding van stede (bv. winkelkomplekse; kantoorruimtes, ens.) die natuurlewe verdring.

1.6.2 Motiveer jou standpunt. (2)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande gedig ***tv-nuuskyker*** sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vraag.

***tv-nuuskyker***

afrika is honger, afrika is droog.
kinders met geswolle naeltjies sit grootoog
gehurk op die poeierige grond
en kyk vir die kameras, om die vogtige mond
sit vlieë, in die neusgate en op die slap
ooglede. met die benerige doodshand
voer hulle droë pap
af na 'n geswolle boepens.
by sterkfontein het homo sapiens sapiens*
van die protomens africanus robustus 'n tand
gevind. voer jou brak
beeno en jou katcats delight, tien rand
by die supermark per pak
R500 000 word deur Natuurbewaring begroot
om seekoeie in die wildtuin van watersnood
te red. in joego – slawië vermoor die soldate
van die serwiërs die kroate.
piropark is 'n ashoop wat brand
van smeulende taxi's.
onblusbaar is die vuur van etniese faksies
wat mekaar aanrand.
bel 087 vir rugbykaartjies teen R500.
terwyl verpleegsters staak, sterf
siekes. wil u weet of u naweek bederf
gaan word deur die weer? bly ingeskakel
tot ná die handelsnuus. wat 'n spektakel.
die nuusredakteur het geen benul
van struktuur nie. dit hang saam soos mul*

* homo sapiens = moderne mens
* mul = los poeiergrond

**T.T. Cloete**
uit: ***Met die aarde praat*** (Tafelberg)

2.1 Deur middel van die moderne media ontvang mense (tv-nuuskykers) allerlei inligting: gedeeltelik nuuswaardig, maar meestal irrelevant van aard.
Bestudeer die bostaande gedig en skryf in reaksie daarop ’n opstel (in paragrawe) van 120 – 150 woorde waarin jy veral aandag skenk aan die volgende aspekte:

- Die nuusgebeure uit Europa; en Suid-Afrikaanse nuusgebeure gedek in die gedig
- Jou mening of die nuusgebeure uit Afrika ’n getroue weergawe is van die werklike toestand in Afrika
- Jou mening of advertensies irrelevante inligting bevat
- Jou eie mening of televisie-nuusuitsendings slegs Suid-Afrikaanse nuusgebeure moet dek; of ook wêreldgebeure moet insluit. (10)

**[10]**

**EN**

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte (Vrae 3 – 6).

## VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig ***Alle grappies op ’n stokkie*** sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Die ektoplasma maak mislik.
Alle vlae hang stigtelik
by alle teaters halfmas.
Peter Sellers is vandag veras
by Golder’s Green. Wat mens afkerig maak
is dat die dooie vertrek en ánder moet ontslae raak
van sy lyk. Die diens vir die lastige rou
en konvensie is deur John Hester gehou,
Peter se vriend, ’n kanunnik.
Maak dit vrolik
om van die walglike oorlas
verlos te word. Slegs vriende uit die vermaak, kollegas
uit The Goon Show
sy eerste, sy derde en vierde vrou
mog die diens bywoon: Britt Ekland
het ongenooid daar aangekom,
sy’t vermetel met Spike Milligan opgedaag.
Sy is kywend weggejaag
deur Michael. Vir die groot
mededinging met die lastige dood
was Lynn Frederick
heel paslik
geklee in ’n rok wat inderhaas
spesiaal ontwerp is deur die modebaas
Yves St. Laurent. Terwyl hulle die lyk veras
– vrolik musiek pas

immers by die toneel –
is Glenn Miller se In The Mood gespeel
op Peter se versoek. ’n Lyk is darem ’n verleë ding.
Laat die poppe speel, laat hulle hom wegsing.
Toe het iets vreemds gebeur:
’n donderstorm wat ineens losbars versteur
en oorstem In The Mood. Dis nes Peter dit sou wou hê,
dit pas by sy humor, het die kanunnik vroom gesê.
Wat pla
bedink agterna
in terme van toneelspel: is dit deus ex machina
of is die grap bygedra
deur die baaslykverbrander?
To steal one’s thunder
pas by die toneel. Behoort die oorskot
aan die duiwel, aan God?
behoort die donder
aan God, aan die duiwel? I wonder...

**T.T. Cloete**
uit: ***Jukstaposisie*** (Tafelberg)

3.1 Waarom hang die vlae by **alle teaters** (r. 3) halfmas? (1)

3.2 Wat beteken die uitdrukking **Alle grappies op ’n stokkie**? (1)

3.3 Met watter woord in r. 7 – 11 staan **mislik** (r. 1) in kontrasterende verband? (1)

3.4 Watter ooreenkoms is daar inhoudelik tussen r. 1, r. 11 en r. 29? (2)

3.5 Met watter menslike swakheid word daar in r. 23 – 25 gespot? (1)

3.6 3.6.1 Is die gebruik van die dubbelpunt in r. 31 gepas? (1)

3.6.2 Motiveer jou siening. (1)

3.7 Wat, dink jy, suggereer die ellips (beletselteken) in die slotreël? (1)

3.8 Verduidelik wat ’n **kanunnik** (r. 34) is, en wat **vroom** (r. 34) beteken. (2)

3.9 Waarna verwys **die grap** (r. 38) wat deur die baaslykverbrander bygedra is? (1)

3.10 Wat beteken die Engelse uitdrukking in r. 40? (1)

3.11 Dink jy dis vermetel om roubeklaers na ’n begrafnis te **nooi** (r. 16)? Motiveer jou siening. (2)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gedig ***Musiek*** sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

***Musiek***

1 Aan hierdie hart se tenger kelk
2 het U getik en fyn
3 uitdeinend sing die glas
4 sy melodie van pyn.

5 U lê 'n vinger op die rand
6 wat skrynend, weerloos tril,
7 en skielik word my hart
8 se fyne smartsang stil.

**E. van Heerden**
uit: ***Die Reisiger***/Human & Rousseau

4.1 Die metafoor in r. 1, **hart se tenger kelk,** is besonder gepas. Wat is die ooreenkoms tussen **hart** en **kelk**? (1)

4.2 Met watter woord kontrasteer **uitdeinend** (r. 3)? (1)

4.3 4.3.1 Watter klank is oorheersend in die slotreël? (1)

4.3.2 Wat word met hierdie klank beklemtoon? (1)

4.4 Skryf die frase uit strofe 2 neer wat die persoonlike aard van God se aanraking uitbeeld. (1)

4.5 Wat beteken die woord **skrynend** in r. 6? (1)

4.6 Verduidelik waarom die leesteken in die slotreël besonder betekenisvol is. (2)

4.7 Benoem die rympatroon in strofe 1 en sê waarom dit funksioneel is. (2)

4.8 In watter opsigte is daar 'n inhoudelike ooreenkoms tussen **melodie van pyn** (r. 4) en **smartsang** (r. 8)? (2)

4.9 Wat lei jy af van die feit dat strofe 2 met die woord **U** begin? (1)

4.10 Sluit die titel en inhoud van die gedig goed by mekaar aan? Motiveer kortliks jou antwoord. (2)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 5**

Lees die onderstaande gedig ***Stad in die mis*** sorgvuldig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

***Stad in die mis***

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip 'n dier
onder wit duisternis;
ek hoor hom knor en in oop mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal;
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal.

**D.J. Opperman**
uit: ***Heilige Beeste*** (Perskor)

5.1 Na watter aspekte van die stad verwys **oop mote** (r. 5) en **pilare-pote** (r. 6)? (1)

5.2 Haal 'n frase aan wat aandui dat die spreker vreesbevange is. (1)

5.3 Noem een moontlike betekenis – binne die gedigkonteks – van **bloedbelope oë** in r. 9. (1)

5.4 Met watter TWEE sintuie ervaar die spreker die stad? (2)

5.5 Waarom is die gebruik van **knor** (r. 5) 'n gepaste woord binne die gedigkonteks? (1)

5.6 Wat word met die slotreël gesuggereer? (1)

5.7 Watter leesteken skei die gedig in drie betekenis-eenhede? (1)

5.8 Watter ooreenkoms is daar inhoudelik tussen r. 2 en r. 4? (1)

5.9 5.9.1 Is **wit duisternis** in r. 4 'n toepaslike beeld? (1)

5.9.2 Motiveer jou siening. (1)

5.10 5.10.1 Kan die stemming in die gedig as romanties beskou word? (1)

5.10.2 Gee 'n rede vir jou siening. (1)

5.11 Dink jy die stad hou vir mense gevaar in? Motiveer jou siening. (2)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 6

Lees die onderstaande gedig ***Lied van die kinders*** sorgvuldig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

***Lied van die kinders***

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
? kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete ler
op 'n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My kom,
gevang in die kruisvuur by Ma'alot –
bang hasies in 'n bos wat brand.
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in 'n stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.

**Lina Spies**
uit: ***Dagreis***/Human en Rousseau

6.1 Na watter stryd word daar in r. 14 – 17 verwys? (1)

6.2 Watter boodskap word deur die herhaling in die eerste drie strofes beklemtoon? (1)

6.3 Op watter wyse word **volk** in r. 21 uitgehef? (1)

6.4 Watter godsdienstige simbool dra die Viëtnamese dogtertjie? (1)

6.5 Skryf 'n versreël uit strofe 1 neer waarin die Joodse seuntjie se angs uitgebeeld word. (1)

6.6 Watter inhoudelike ooreenkoms is daar tussen r. 30 en r. 37? (2)

6.7 Watter betekenisverband is daar tussen r. 21 – 22 en r. 26? (2)

6.8 Waarom, dink jy, kom daar geen punt aan die einde van strofes 5 en 7 voor nie? (1)

6.9 **Hasies** in r. 20 is 'n besonder goeie woordkeuse. Gee 'n rede waarom dit so gepas is. (1)

6.10 Waarna verwys **Dachau** in r. 34? (2)

6.11 Is ? wêreld sonder enige oorloë 'n moontlikheid? Motiveer jou siening. (2)

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## **DRAMA**

***Die Keiser* – Bartho Smit**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie Afdeling.
- Jy moet hier 'n keuse maak tussen Vraag 7 (kontekstuele vrae) en Vraag 8 (paragraaftipe vrae).
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **móét** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord, of andersom.
- Hierdie Afdeling tel 30 punte.

## VRAAG 7

Bestudeer die volgende teksgedeeltes uit die drama en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

KULTUUR: Met u verlof, U Majesteit. U Kabinet doen vanoggend verslag oor: Een – die reëlings vir die halfeeufees; twee – die vordering van ons beskawingsprogram; en drie – die situasie aan ons grense.

KEISER: Gaan voort. Halfeeufees?

KULTUUR: Alle reëlings vir die fees is gefinaliseer en afgehandel, U Majesteit. Alles is honderd persent gereed.

DIPLOMAAT: Met u verlof, U Majesteit ...

KEISER: Gaan voort.

DIPLOMAAT: Daar buite wag twee wonderwewers van die Grootkeiser van Utopia.

KEISER: Om wat te maak?

DIPLOMAAT: U Majesteit se kostuum vir die groot optog.

KULTUUR: Op 'n punt van orde, U Majesteit! U Kabinet dra géén kennis hiervan nie. Ons jong kollega het versuim ...

KEISER: Mooi, Diplomaat. Ons hou van inisiatief.

KULTUUR: U Majesteit se kostuum vir die groot optog is reeds klaar – en daar kan nie op verbeter word nie.

DIPLOMAAT: Die Grootkeiser het my verseker sy wewers kan vir U Majesteit klere maak soos die wêreld nog nooit gesien het nie.

KULTUUR: Sy Majesteit se groot optog is oor minder as 'n week – en wie kan in so 'n kort tydjie ...?

DIPLOMAAT: Hulle kán, U Majesteit. Hulle is wonderwewers. Die hoofwewer is 'n magiër.

KEISERIN: 'n Magiër?!

DIPLOMAAT: Ja, Majesteit. En hulle vra niks vir hulle arbeid nie. Hulle wil net die materiaal hê.

KEISERIN: Wat se materiaal?

DIPLOMAAT: Goudgare, Majesteit, en allerhande soorte juwele en ek weet nie wat nog alles nie.

MAARSKALK: U Majesteit ...

KEISER: Ja Maarskalk?

MAARSKALK: U moet hulle liewer nie vertrou nie.

KEISER: Waarom nie?

MAARSKALK: As hulle niks vir hul arbeid wil hê nie, dan wil hulle iets anders hê.

KEISER: Wat?

MAARSKALK: Dit sal ons eers uitvind wanneer dit dalk te laat is, U Majesteit. Met u verlof laat ek hulle liewer dadelik arresteer.

DIPLOMAAT: Met u verlof, U Majesteit – hulle is na alles die geskenk van 'n keiser, en 'n mens mag 'n gegewe perd nie in die bek kyk nie.

HOFNAR: My Seurtjie meen gegewe wewers, my Kroon.

KEISERIN: Ja, Majesteit. Laat ons ten minste net hoor wat hulle in gedagte het ...

KEISER: Later, Keiserin ... Ons gaan voort. Gaste?

DIPLOMAAT: Hulle kom almal, U Majesteit. Almal wat ons genooi het.

HOFNAR: Die Seurtjie is bekommerd oor wat hulle van ons klere gaan dink, my Kroon.

KEISER: (aan Diplomaat): So?

DIPLOMAAT: (*onkant betrap*): U Majesteit ... e ...

KULTUUR: Met u verlof, U Majesteit – my jong kollega was bekommerd dat ons gaste dalk minderwaardig sal voel met hulle ... e ... dekadente klere tussen ons.

7.1 7.1.1 Wat was die Keiser se doel met die beskawingsprogram (r. 3)? (1)

7.1.2 Aan watter minister het hy die verantwoordelikheid vir die uitvoering van die beskawingsprogram toevertrou? (1)

7.1.3 Het hierdie minister sy verantwoordelikheid in hierdie verband getrou nagekom? (1)

7.1.4 Motiveer kortliks jou siening in Vraag 7.1.3. (1)

7.2 Waarna verwys die **Halfeeufees** in r. 5? (1)

7.3 Skryf een verskil tussen Ekwator en **Utopia** (r. 11) neer. (2)

7.4 Waarom is dit juis Diplomaat in die aangehaalde teksgedeelte wat die wewers voorpraat? (1)

7.5 Op watter wyse word die Keiserin se onbegrip in r. 26 geïllustreer? (1)

7.6 Waarna verwys die **iets anders** in r. 36 – 37 as die slot van die drama in aanmerking geneem word? (1)

7.7 In watter opsig is r. 39 'n profetiese vooruitskouing wat met Kultuur en Maarskalk in die slotbedryf gaan gebeur? (2)

7.8 Wat is kenmerkend van die Keiser se vyf spreekbeurte in r. 33 – 53? (1)

7.9 Na watter **gaste** word daar in r. 48 verwys? (1)

7.10 Waarom praat Hofnar van Diplomaat in r. 45 en r. 51 as "Seurtijie"? (1)

7.11 7.11.1 Lieg Kultuur vir die Keiser in r. 55 – 57? (1)

7.11.2 Motiveer jou siening kortliks. (1)

7.12 Wat beteken **dekadente klere** in r. 57? (1)

7.13 Die ellips in r. 23 suggereer dat Kultuur nie sy sin voltooi nie. Voltooi sy gedagte sinvol en toepaslik. (1)

7.14 Wat beteken die idioom wat Diplomaat in r. 43 – 44 gebruik? (1)

**EN**

MAARSKALK: Ons weet niks van die mense af nie, U Majesteit. Hulle kan spioene wees vir al wat ons weet – gevaarlike agente wat dalk iets dodeliks in die materiaal inweef ... Daarom móét ek eers hulle herkoms en agtergronde laat nagaan.

DIPLOMAAT: Maar dié ken ons tog reeds, Maarskalk.

MAARSKALK: Op hoorsê, Jongman; maar hoorsê is nie goed genoeg vir Sy majesteit se veiligheid nie.

HOFNAR: Lyk my ons Korporaal en sy Ydele is bang hulle kyk die ding mis, my Kroon.

DIPLOMAAT: Met u verlof, U Majesteit...

KEISER: Gaan voort.

DIPLOMAAT: U is dit aan uself en die land verskuldig dat die wêreld u sien vir wat u is – die Heilige Keiser.

KEISERIN: Ja, Majesteit.

DIPLOMAAT: Boonop sal dit nie wyse politiek wees om die geskenk van 'n keiser sommerso van die hand te wys nie.

KEISERIN: Natuurlik nie.

KULTUUR: 'n Geskenk van ons eie goud en juwele!

MAARSKALK: Presies.

KEISER: Goed. (*Hy staan op*) Die sitting is verdaag.

7.15 Na wie verwys **die mense** in r. 58? (1)

7.16 Haal 'n reël aan wat toon dat Diplomaat dalk meer van die wewers as die ander ministers weet. (1)

7.17 Na watter kenmerk van die wonderkostuum verwys Nar met sy uitlating in r. 65 – 66? (1)

7.18 Watter gevoel openbaar Nar teenoor Kultuur en Maarskalk met sy aanspreekvorme in r. 65? (1)

7.19 7.19.1 Is Diplomaat se bewering in r. 72 – 73 kenmerkend van die dubbele rol wat hy vertolk? (1)

7.19.2 Motiveer jou siening kortliks. (2)

7.20 Wat probeer Diplomaat met sy woorde in r. 69 – 70 bereik? (2)

7.21 Noem een goeie eienskap van Diplomaat. (1)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 8

8.1 Skryf 'n opstel van 180 – 200 woorde oor die kontraste wat voorkom in die drama en verwys na die volgende kontrasterende aspekte:

- Die Keiser se ideale teenoor die Wewer se ideale
- Kaalheid teenoor klere
- Jou eie mening wat met hierdie kontrastering bereik word (10)

8.2 Bespreek in 180 – 200 woorde hoe die Keiser se optrede beïnvloed is deur sy vrees dat sy vader se siekte dalk oorerflik kon wees. Verwys onder andere na die volgende aspekte:

- Sy vader se siekte en die oorsake daarvan
- Ooreenkomste tussen die Keiser en sy vader
- Jou eie mening hoe die Keiser dalk van hierdie oorerflike siekte genees kan word (10)

8.3 Bespreek in 180 – 200 woorde die implikasie van Maarskalk se naam, en verwys na die rol wat hy in die drama speel, en sy bedrieglike optrede. (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C
**PROSA**

**LET WEL:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie Afdeling.
- 'n Belangrike voorvereiste is dat as jy 'n paragraaftipe vraag beantwoord, **móés** jy uit Afdeling B oor ***Die Keiser*** die kontekstuele vraag (Vraag 7) beantwoord het en andersom. Indien hierdie voorwaarde nie nagekom word nie, sal jy geen punt vir Afdeling C verdien nie!

- Dit is verder ook belangrik om in hierdie afdeling die betrokke vraag te kies oor die betrokke roman wat jy vanjaar behandel het!

***Kringe in 'n Bos*** (Dalene Matthee)
***Fiela se Kind*** (Dalene Matthee)
***By Fakkellig*** (Karel Schoeman)
***Toorberg*** (Etienne van Heerden)

**KONTEKSTUELE VRAE**

- Beantwoord hier Vraag 9 **óf** 10 **óf** 11 **óf** 12 afhangende van die roman wat jy behandel het.
- Nommer jou antwoorde net soos dit op die vraestel genommer is en beantwoord alle vrae direk.
- Bestudeer aangehaalde tekste deeglik voordat jy die vrae beantwoord.

**VRAAG 9**

***Kringe in ’n Bos* – Dalene Matthee**

Dit was soos die grom van twee diere wat wou baklei.

“Moenie te gou praat nie, Saul Barnard.”

“Wat kom maak jy hier?” het hy die vraag waarmee hy nog die hele tyd loop, gevra.

“Die delwerskomitee het my gevra om vir die delwers se kinders te kom skoolhou.”

Hy het so ’n vermoede gehad; iemand het iets van ’n onderwyseres vir die kinders gepraat. “En wat gaan jy as ’n skool gebruik?” vra hy half spottend.

“Die eerste ruk sal ons ’n tent gebruik. Sodra dinge ’n kant toe loop, sal hulle ’n geboutjie oprig.”

“Ek neem aan die dinge waarna jy verwys, is die oorreding van die Goewerment om die gebied as goudveld te proklameer?”

“Ja,”

“Dan hoop ek vir jou part dat jy nie te lank in ’n tent hoef te sukkel nie. Die winter is nog lank nie verby nie.”

“Jammer om jou teleur te stel, Saul Barnard, teen hierdie tyd is die nuwe afgevaardigdes seker al in die Kaap met die nuwe bewyse van die rifgoud. Hierdie keer sal die Goewerment nie die verslae kan ignoreer nie.”

“Ek neem aan jou pa is een van die afgevaardigdes?”

“Ja...Terloops, kaptein Jefferson stuur groete.”

“Dankie.”

“Beth Johnson ook.”

“Dankie.”

Dit het harder onder hul voete begin word, die modder vlakker. Die voetpad het teen ’n helling begin uitkruip en agter hulle het die gemor stiller geword.

“Waar gaan jy bly?” vra hy en keer sy hand om haar nie te help toe sy effens struikel nie.

“My pa het vir my plek in die Commercial bespreek.”

“Toe die helling begin steil word, het sy agter hom ingeval en na ’n halfuur se klim kon hy haar asem hoor jaag.

*Jy geniet die wraak, Saul Barnard* ... Waarom het haar woorde in sy kop bly draai? Wie kan wraak neem as hy magteloos is? Wie kan ’n aanstormende olifant met ’n klip gooi en hoop hy gaan skrik? Wie kan ’n storm keer as dit klaar losgebreek het? Wie kan aasvoëls keer as hulle ? karkas wil verslind? Nee, Kate, het hy gedink, jy weet nie waarvan jy praat nie ... Niemand gee skynbaar meer om wat van die bos oorbly nie, solank hulle net die goud kan uitkry!

Daar was nog 'n ding wat in hom gevreet het: Oupoot. Dis 'n maand vandat hy hom laas gesien het. In elke kaia-winkel het gewere te koop kom hang vir elkeen wat lus het om te skiet. Hoeveel olifante uitgeroei of gekwes is, kon 'n mens alleen maar raai, en met elke skoot wat in die bos klap, voel jy die woede in jou opbou. Wraak? Teen wie? Vir wie loop vertel jy van die onrus wat in jou saamhoop? Vir wie gaan vra jy of hulle nie dalk vir Oupoot gewaar het nie? Waar stel jy vas of dit dronk delwerspraatjies is wat rondlê dat hulle hom geskiet het?

9.1 Watter atmosfeer word deur die woord **grom** in r. 1 geskep? (1)

9.2 Na wie verwys die **twee diere wat wou baklei** in r. 1? (2)

9.3 Wat was die oorspronklike rede vir die aangesprokene (in r. 3) se vertrek na Kaapstad? (1)

9.4 Waarom word die vraag oor die skooltjie **half spottend** gevra in r. 9? (1)

9.5 Na watter gebied word daar verwys in r. 13? (1)

9.6 Lees weer r. 26 – 28 waar Saul optree as gids.

9.6.1 Vir watter groep mense tree Saul hier as gids op? (1)

9.6.2 Waaroor het die mense **gemor** in r. 28? (1)

9.7 Waarom is die woorde in r. 34 kursief gedruk? (1)

9.8 Het Kate reggehad toe sy sê dat Saul wou wraak neem? Motiveer jou siening. (2)

9.9 Die vier vrae in r. 35 – 38 beklemtoon twee aspekte. Verduidelik. (2)

9.10 Watter verband is daar tussen **aasvoëls** in r. 38 en **hulle** in r. 41? (2)

9.11 Word die woorde **in hom gevreet het** (r. 42) letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou siening. (2)

9.12 Wat is die funksie van die ellips in r. 34? (1)

9.13 Watter afleiding oor die delwers kan jy uit r. 44 – 46 maak? (1)

9.14 Watter tegniek word in r. 47 – 50 baie funksioneel aangewend om die innerlike konflik wat Saul ervaar te beklemtoon? (1)

9.15 Skryf 'n sin uit r. 42 – 50 wat dui op Saul se eensaamheid. (1)

**EN**

> Goed, kwaad, goed, kwaad, goed, kwaad. Die mens is dubbelmens. Jou keuse lê in die hand wat jy uitsteek na die boom der kennisse des goets en de quaets. Omdraai en op die *Pictor* gaan klim of die res van jou lewe jou lyf tussen Oupoot en Jozef hou? Nee, dis meer as Oupoot. Veel meer. Dis vir die res van jou lewe veg om die bloubokkie se gal uit sy kop te kry. Die dink het hom deurmekaar! Êrens loop Oupoot om voor te kom en weg te kom. Goed beteken om hom te laat loop. Kwaad om hom te skiet. So eenvoudig. So verskriklik ingewikkeld. Want jy's dik geëet aan die pluksels van kwaad, jy sleep jou voete daarin, jy versmoor daarvan ...
>
> Hy hoor Maska bokant hom teen die helling in die skemer deur die onderbos aankom en staan op.

9.16 Na watter **keuse** word daar in r. 52 verwys? (1)

9.17 Waarom het Saul dit nodig geag om **sy lyf tussen Oupoot en Jozef te hou** in r. 54 – 55? (2)

9.18 Saul se ideaal vir die Bosmense word in r. 56 opgesom. Wat was hierdie ideaal? (2)

9.19 9.19.1 Verduidelik die innerlike konflik wat Saul ervaar in r. 57 – 61. (1)

9.19.2 Wat sou jý verkies het om te doen? (1)

9.19.3 Motiveer jou siening. (1)

9.20 Wat is die funksie van die beletselteken in r. 61? (1)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 10

### *By Fakkellig* – Karel Schoeman

Een aand toe hy by Ard na Croise aankom, vind hy hulle almal daar besig om te lag en te gesels, met whiskey en glase op die tafel, en in die hoek die ou blinde man wat vroeër vir hom en Alice kom viool speel het. Die weduwee sit met haar breiwerk op haar skoot, Liam staan voor die vuur en roep laggend iets, en selfs Brídín kakel van plesier terwyl die meisie haar probeer optrek uit haar stoel in die hoek. Eers toe hulle hom sien met sy hand op die deurknop word hulle stil, en hulle bly ongemaklik daar staan, asof die koue wind saam met hom binnegekom het om alle warmte en gesellingheid weg te waai uit die kombuis.

"*Fáilte!*" roep Liam hom toe; "ons het jóú nie vanaand verwag nie!"

"Ek het net verbygekom," maak hy verskoning. "Ek kan nie bly nie, ek het vir 'n oomblik aangekom ..."

"Bog, man!" val Séamas hom in die rede. "Waarheen moet jy dan so inderhaas dat jy nie eers kan binnekom en die deur agter jou toemaak nie? Ons het juis mans nodig: ons gaan dans, ons kort 'n man – twee mans, want Bridin voel vanaand ook lus vir die horrelpyp!"

Hy het reeds 'n hele paar glase whiskey in, en hy is joviaal-luidrugtig, sy gesig rooi en sy wit hare verward rondom sy kop. Hy trek David die kamer binne, en Liam kom ook na vore. "Ja, jy kan saam met ons kom dans, jy het geen verskoning nie!"

"Ek kan nie dans nie..."

"Die meisie kan jou leer. Nóra – nee, jy, Eilís, jy kan Engels praat, kom leer jy hom." Die meisies, wat hulle skugter teruggetrek het in die hoek, gil in protes, Brídín lag hardop, die weduwee roep tussenbeide, en Liam en Séamas probeer hulle oorreed; almal praat saam in Iers, en David staan verlore en onbegrypend in hul midde, ongelukkig in die besef dat hy nie hier hoort nie en dat hy hul geselligheid met sy koms verstoor het. Maar die meisie word teëstribbelend na vore gestoot om hom te konfronteer, en hy kan nie wegkom nie: hulle staan daar en staar mekaar ongemaklik aan terwyl die vioolspeler reeds stem.

10.1 Noem een verskil tussen die twee ruimtes, naamlik Ard na Croise en Donore. (2)

10.2 10.2.1 Skryf 'n woord uit r. 1 – 10 neer wat beskrywend is van die atmosfeer wat in die kombuis heers. (1)

10.2.2 Watter uitwerking het David met sy binnekoms op hierdie stemming gehad? (1)

10.3 Watter gevoel word weergegee deur die gebruik van die aksenttekens op **jóú** in r. 11? (1)

10.4 Wat word met behulp van die beletselteken in r. 14 aangedui? (1)

10.5 Watter verduideliking volg na die gebruik van die dubbelpunt in r. 17? (1)

10.6 Skryf ’n woord uit r. 15 – 28 neer wat toepasliker sou wees by ’n beskrywing van die Engelse grondbesitters se leefwyse. (1)

10.7 In watter opsig veroorsaak die twee tale **Engels** (r. 24) en **Iers** (r. 28) ’n kloof tussen David en sy Ierse vriende? (2)

10.8 David besef in r. 29 **... dat hy nie hier hoort nie ...**

10.8.1 Was hy gelukkiger by sy eie mense? (1)

10.8.2 Motiveer kortliks. (1)

10.9 10.9.1 Skryf ’n frase uit r. 24 – 28 neer wat David as tipiese buitestander tipeer. (1)

10.9.2 Sou jy onder dieselfde omstandighede ook soos David gevoel het? (1)

10.9.3 Motiveer jou siening. (1)

10.10 David voel hy hoort nie hier nie (r. 29). By watter vorige geleentheid het hy wél tuis gevoel by hulle? (1)

10.11 Die meisies leer vir David dans in r. 24. Watter dinge het David uit sy vriendskap met Liam en Séamas wysgeraak? Noem TWEE van hierdie dinge wat hy geleer het. (2)

10.12 Wat word met die woord **teëstribbelend** in r. 30 gesuggereer? (1)

**EN**

“David het die eerste stap gedoen toe hy O Máille bygedam het in die woud.”

“Ja, goed dan, en jý die tweede.”

“Die ondeurdagte daad, gevolg deur ’n uiteensetting van die betekenis van daardie daad, of van die teorieë wat daaraan betekenis sou kan gee ...”

“En wanneer die teorieë begryp is, die geleidelike aanduiding van hoe hulle op deurdagte wyse uitgevoer kan word,” sê Liam glimlaggend. “Jy argumenteer in stappe soos ’n Thomis, vriend.”

“Gevolg deur ’n nuwe daad,” voltooi Séamas, “maar hierdie keer deurdag. Moontlik, kameraad, maar ek argumenteer nogtans met fyn mensekennis, vind jy nie?”

“Julle praat te veel,” sê David, “en julle praat onsin.”

“ ’n Swakheid van die Iere,” sê Liam, “soos ek jou reeds vertel het.”

“Maar ek is nou eenmaal vasgevang in woorde, soos nette van voëlvangers gespan om my te vang, elke twyg gesmeer met die voëlent van hulle aanloklikheid. As jy dus moeg is vir woorde, vriend David, moet ek jou oorlaat aan Liam. Hý is die man wat dinge dóén, en ék – ek sit by my kaggel en gesels.”

“Toe maar,” sê David, “jy kan maar gesels. Vertel my net iets interessants.”

“Die Franse is besig met planne om ’n vloot byeen te bring by Toulon, wat dui op togte oorsee.”

“Politiek!” sê David.

Liam lag. “Jy gaan in die toekoms nie veel anders te hore kry nie.”

b.o.

10.13 Verduidelik die oorsaak en gevolg van David se optrede teenoor O Máille in die woud. (2)

10.14 Waarom spreek Séamas vir Liam in r. 44 as **kameraad** aan? (1)

10.15 Hoe som Séamas die verskil tussen hom en Liam in r. 49 – 53 op? (2)

10.16 **Die ondeurdagte daad** in r. 37 kan moontlik 'n vooruitskouing wees na David se slotoptrede.

10.16.1 Na watter daad van David word daar moontlik verwys? (1)

10.16.2 Sou jy sy daad as ondeurdag beskou? Motiveer jou siening. (2)

10.17 Waarom is die Franse vloot wat hul gereed kry vir togte oorsee (r. 56 – 57) goeie nuus vir Liam-hulle? (1)

10.18 Is **politiek** (r. 58) een van David se belangstellings? Motiveer jou siening. (2)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 11**

***Fiela se Kind* – Dalene Matthee**

"Ek wil nie die indruk skep dat ek oor Nina kla nie, jongman. As ek nie iets goeds in haar gesien het nie, sou ek nie in haar belang gestel het nie. Dis net dat sy haar nie wil onderwerp aan wat vir haar goed is nie."

"Dis aan die Bos wat sy vasklou, miss Weatherbury, sy's baie lief vir die Bos."

"Waarom het sy dit dan bestry dat sy uit die Bos kom? Waarom sê sy dan sy kom uit die Lange Kloof en dat sy ? optelkind is – waarom lag jy?"

"Ek lag sommer vir Nina. Dis 'n storie wat sy op 'n ander plek geleen het, miss Weatherbury. Of die helfte van 'n ander storie."

"Ek is bevrees ek sal op die ou end nie weet wie of wat om te glo nie."

"Ek sal bly wees as miss Weatherbury my wil glo. Ek sal wag tot Nina kom en mooi met haar praat. Dis die beste kans wat sy nog ooit gehad het hierdie; sy kan nie terugkom Bos toe nie, sy moet haar werk hier by u oppas en hier bly."

"Dink jy sy sal na jou luister?"

"Miskien. En in die vervolg sal ek self elke maand haar geld kom haal en met haar praat as dit nodig is."

"Waarom wil jy haar geld kom haal?" Die ou dame was skielik weer agterdogtig en kortaf.

"Wel ... ee ... Dis eintlik my pa wat die geld laat haal." Hy het soos 'n skelm gevoel. "Ek het maar net gedink dis beter as ek die geld kom haal, Nina luister darem partykeer beter na my as na my twee broers."

"Ek verstaan nie waarom julle haar geld wil hê nie. As daar nood of siekte is en sy voel sy wil 'n vrywillige bydrae maak, keur ek dit goed. Maar julle kan nie sommer net elke maand al haar geld kom haal nie. Ek sal dit nie toelaat nie!"

"U verstaan nie, miss Weatherbury. Bosmense is anders. Alles word saam in een hand gegooi."

"Nina is nie meer in die Bos nie. Ek kan dus nie sien waarom julle nog haar geld wil hê nie."

"Ek ook nie eintlik nie." Hy kon tog nie sê sodat sy pa 'n vervloekste geweer kan koop nie. Miss Weatherbury had reg: waarom wou hulle haar geld vat? Al moeilikheid was: dit was nie miss Weatherbury wat dit op Barnard-se-eiland moes loop sê nie.

11.1 By wie het Nina haar storie in r. 7 – 9 **geleen** (r. 11)? (1)

11.2 Waarom is dit vir Benjamin belangrik dat Nina by miss Weatherbury móét bly? (1)

11.3 Wat is die funksie van die beletselteken in r. 24? (1)

11.4 **Nina is nie meer in die Bos nie** in r. 34 kan letterlik en figuurlik vertolk word. Motiveer. (2)

11.5 Waarom voel Benjamin soos 'n skelm in r. 25? (1)

11.6 Watter karaktertrek van miss Weatherbury lei jy af van haar woorde in r. 28 – 31? (1)

11.7 Wat beteken die sin in r. 33 **Alles word saam in een hand gegooi**? (1)

11.8 Lees weer r. 28 en noem wat Elias met Nina se geld wou koop. (1)

11.9 11.9.1 Het Nina altyddeur haar geld vir haar pa gegee? (1)

11.9.2 Wat was haar motivering? (1)

11.10 Waarom is **vrywillige bydrae** (r. 29) ironies as Elias se lewenshouding in ag geneem word? (1)

11.11 Watter optrede van Nina gee aanleiding tot miss Weatherbury se houding in r. 7 – 9? (1)

**EN**

Nee-kyk, het Elias die ding sit en bedink, dis nou alles goed en wel maar daar moet gekeer word voor dit heeltemal neuk. Die kind is so steeks soos 'n beduiwelde muil, en 'n muil is 'n ding wat vir jou baie sonde kan aandoen.

Barta het in die agterdeur gestaan en êrens voor haar vas gestaar soos een van wie die kop botstil gaan staan het.

"Moet jy nie patats uit die as haal nie, Barta? Jy weet ek hou nie van 'n drooggebakte patat nie. Barta!"

"Ek hoor, Elias. Ek was nou by die patats, hulle is nog nie sag nie."

Haar oë het stokstyf bly staan.

"Hou op om jou so te verknies, vrou. Van môre af gaat ek hom by die balke sit en hom leer om 'n byl vas te hou sodat hy sy nuk kan uitsweet."

"Moenie aan hom slaan nie, Elias."

"Ek sal hom nie slaan as hy na my luister nie."

"Die magistraat het gesê hy sal gereeld laat verneem."

Vandat hulle die kind loop haal het, het Barta die magistraat op die brein. Dis soos 'n vrees in haar. "Hy kan maar laat verneem, dis in mý vuur wat die kaiing lê. As Lukas nog een keer skop en skree of op 'n hoop loop sit, gaat ek vir hom foeter. Ek laat my nie van 'n kind tamteer nie."

11.12 In r. 43 is daar 'n voorbeeld van 'n vergelyking. Dui aan watter twee sake met mekaar vergelyk word. (2)

11.13 11.13.1 Skryf een woord uit r. 45 – 46 neer wat aandui dat Barta diep ingedagte is. (1)

11.13.2 Watter rede voer Elias aan vir hierdie gedrag van Barta? (1)

11.14 Skryf 'n woord uit r. 54 – 56 neer wat iets van Elias se karakter te kenne gee, en sê ook wat die eienskap is. (2)

11.15 Verklaar wat die volgende uitdrukking in r. 58 – 59 beteken: **... dis in my vuur wat die kaiing lê**. (1)

11.16 Watter emosie beleef Barta in r. 54? (1)

**EN**

"Mister Goldsbury, die nuwe magistraat op Knysna, het ons gestuur," het die lange gesê, maar hy het haar nie in die gesig gekyk nie. "Hy wil die kind sien."

Sy het nie haar stem verhef nie. "Ek het daar niks op teë nie, hy kan kom kyk."

"Hy wil die kind op Knysna sien."

"Hy kan hom hier kom sien."

Die lange het hom opgeruk. "Luister, atta, ek is moeg en jy moenie vandag moeilik raak nie. Ons het ver gekom. Die magistraat is nie 'n man met wie 'n mens sukkel nie. Hy wil die kind op Knysna hê en dis klaar."

"Oormôre," het die dikke bygevoeg. "Vrydag. Mister Goldsbury wil net die saak van die kind wat die slag in die Bos weggeraak het, opklaar. Dis al. Die ding sluit. Die ma van die kind sal ook Vrydag in die hof op Knysna wees. Sy moet kom kyk of dit haar kind is."

11.17 Na wie verwys die **lange** van wie daar gepraat word in r. 63? (1)

11.18 Wat lei jy daaruit af dat die lange nie vir Fiela in die gesig kyk nie (r. 63)? (1)

11.19 Hoe het die kind na wie daar in r. 64 verwys word hier bekend gestaan: Benjamin Komoetie of Lukas van Rooyen? (1)

11.20 Met watter woord sou jy **atta** in r. 69 kon vervang? (1)

11.21 Watter vrees onderlê Fiela se woorde in r. 68? (1)

11.22 Het die magistraat volgens jou mening die saak van die kind (r. 74) regverdig opgeklaar? Motiveer jou siening. (2)

11.23 Sou die gebeure anders verloop het as Fiela geweier het dat Benjamin Knysna toe moes gaan? Motiveer jou siening. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 12

### *Toorberg* – Etienne van Heerden

Hy kan die bloedlyne reeds in sy gedagtes volg as hy sy oë toemaak. Deeglikheid; dít het Justisie hom geleer Maar rekening met die drif van die Moolmans – in lewe én dood – het die magistraat nie gehou nie, want terwyl hy nog op pad is in die trein, só word vertel, staan OuAbel Moolman, die seun van StamAbel en die vader van Abel, uit die dood op. Hy ry met sy ou jeep om die magistraat op kommissie in die hoofstraat van die dorp in te wag.

Toe die trein die dorp se stasie binnestoom, leun die magistraat uit en kyk na die portier met die bruin uniform op die perron. Ook na die ry sinjaallanterns en die hond wat opgekrul by die stasiemeester se kantoortjie lê. Hy klim af en wink die portier nader. Hy vra hom om sy bagasie met die perronkruiwa tot by die hotel te neem. Hy besluit om die ent na sy verblyf te stap, sodat hy van meet af aan die dorpie en sy mense kan peil. Terwyl hy by die stasie se trappe afstap en probeer om die nuuskierige oë om hom te ignoreer, gooi OuAbel soos van ouds 'n windmaker draai voor die koöperasie en hou stil dat die gruis spat. Met sy karwats wat piets teen sy kalfsleerkamaste, klap OuAbel, selfs in die dood glo nog 'n indrukwekkende figuur, sy jeep se deur toe en gaan wag onder die peperboom.

Die magistraat kom stadig met die hoofstraat opgestap en toe die man uit die skaduwee van die peperboom voor hom kom staan, vra hy: "Wie is u?"

"OuAbel Moolman van Toorberg se Moolmans. Jy kan maar terugkeer na jou regbank, meneer die magistraat, want ons distrik het van die oerdae vir sy eie sondes leer sorg."

Die magistraat dink 'n oomblik aan die verhale wat hy gehoor het voordat hy hierheen gekom het. Dit is 'n koorsige wêreld dié. Helder oordag het die mense hard geboer, want dit is 'n veeleisende wêreld wat bloed uit 'n klip kan trek. Maar in die wilde, donker nagte wat oor die uitgestrekte velde daal, en in die warm somerdae wanneer jou brein in jou harspan lê en broei, loop waarheid en verdigsel, en geskiedenis en toekoms, en lewe en dood deurmekaar.

Die magistraat vryf aan sy stompie en vra bedaard: "Hoe sien u die Reg, meneer Moolman?" Waarop OuAbel die verdoemenis op die Regbank afsweer, sodat die magistraat moet vra: "Weet u dat dit 'n misdaad is om só teen die Bank te praat?" OuAbel se karwats bly ongeduldig teen sy kamaste speel. Hy was nie net van nature ongeduldig nie, maar hy is nou ooglopend haastig om die saak af te handel en na sy lêplek terug te keer.

“Magistraat!” roep hy uit. “Jy sal vind dat dit nie in jou broek sit om reg of verkeerd oor die Stam van Abel uit te spreek nie. Daarvoor lyk jy vir my te armsalig.” Toe die magistraat nie antwoord nie, gaan hy voort. “Gaan eerder na die hof en stuur die donnerse veediewe wat die wêreld so pla in hulle moer!” “En u,” antwoord die magistraat toe glo kalm,” gaan terug na u graf, meneer, want volgens my rekords is u lankal oorlede.” Hierop loop hy óm OuAbel en vermy sy skaduwee – want mens trap nie op die skaduwee van ’n dooie nie – en stap na die hotel waar hy die register teken, ’n whisky bestel en op die veranda gaan sit. Só het die agterdistrikte, lank nadat hy al weg was, dit oor sy aankoms gehad.

Tot laatmiddag sit hy daar en praat met niemand nie.

Hy kyk hoe die kruiptrekkers in die gruisgat teen die koppie bokant die dorp kruie.

Hy dink aan die vingerbeentjie. Hy weet min van sy vader; net dat hy mank was. Lief vir boeke, maar hy’t nooit die geleentheid gehad om sy studie te voltooi nie. Glo uit ? goeie familie, het sy moeder altyd vertel.

En mank, van kindsbeen af.

Dis my aarde soveel as julle s’n, dink hy met die stamboek op sy skoot. My uitspraak sal soveel julle s’n wees as myne.

12.1 Noem die naam van een van OuAbel se twee ander seuns (r.5 – 6), en verskaf die rede waarom hy deur OuAbel verwerp is. (2)

12.2 Verduidelik wat die volgende frase beteken **...magistraat op kommissie...** (r. 7). (1)

12.3 Haal ’n woord uit r. 45-50 aan wat as ’n sinoniem vir **OuAbel se lêplek** (r. 42) beskou kan word. (1)

12.4 Hoe sou jy die mense van die dorp opsom met die inligting in r. 53 – 54 in ag genome? (1)

12.5 Watter kenmerk van die gebied word weergegee met die frase: **koorsige wêreld dié** in r. 29? (1)

12.6 Watter woord in r. 1-3 is ’n gepaste woord ter beskrywing van die magistraat se karaktereienskap? (1)

12.7 Waarom staan die frase **...– in lewe en dood – ...** (r. 3) tussen aandagstrepe? (2)

12.8 Verduidelik die simboliek in **...van der Ligt** in **Abraham van der Ligt**. (2)

12.9 Haal ’n frase uit r. 3-8 aan as bewys dat die Moolman-mans legendariese figure is. (1)

12.10 Noem TWEE eienskappe van die Moolman-mans soos blyk uit die aangehaalde uittreksel. (2)

12.11 Verduidelik wat bedoel word met die volgende sinsdeel in r. 34 – 35: **..loop waarheid en verdigsel, geskiedenis en toekoms, en lewe en dood deurmekaar**. (2)

12.12 Waarom kan die **magistraat** se **stompie** (r. 36) as ’n voorbeeld van ironie gesien word? (2)

12.13 Is OuAbel se woorde in r. 43-45 ’n profetiese vooruitskouing? Motiveer jou siening. (2)

12.14 Watter bygeloof kom in die aangehaalde uittreksel voor? (1)

12.15 Haal ’n frase uit die laaste TWEE reëls aan as bewys van die magistraat se persoonlike betrokkenheid. (1)

12.16 Verduidelik wat uiteindelik met Abel gebeur. (2)

12.17 Hoe sou jy die verhouding tussen die magistraat en sý vader beskryf? (1)

12.18 Hoe sou jy die verhouding tussen Ella en die magistraat beskryf? (1)

12.19 Watter fisiese eienskap van De la Rey toon ’n ooreenstemming met die magistraat se oorlede vader? (1)

12.20 Watter karaktertrek van OuAbel word weerspieël deur sy woorde in r. 46 – 47? (1)

12.21 Het jy simpatie met die magistraat? Motiveer jou siening. (2)

**[30]**

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE:**

Beantwoord hier Vraag 13 **óf** 14 **óf** 15 **óf** 16, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy vanjaar behandel het. Hou by die vereiste lengte en gee veral aandag aan taal en styl!

**VRAAG 13**

***Kringe in ’n Bos* – Dalene Matthee**

13.1 Die twee verhaallyne (die verlede en die hede) word funksioneel aangewend in die verhaal. Bespreek in 300 – 400 woorde die eerste verhaallyn (die verlede) deeglik deur na die volgende hoofpunte te verwys:

- Saul se opstand teen tradisies en die uitroeiing van die Bos
- Sy bewuswording dat die houtkappers, houtkopers en die Bos in ’n bose kringloop vasgevang is
- Oupoot as Saul se dier-broer
- Die invloed wat Kate op sy ontwikkeling uitgeoefen het
- Jou eie mening of dit voordeliger vir die leser sou wees as die verhaalgebeure chronologies sou verloop (20)

13.2 Joram Barnard is ’n tipiese Bosmens: ’n houtkapper, ’n boskenner, ongeletterd en tradisievas. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde en gee aandag aan die volgende hoofpunte:

- Joram as boskenner en sy houding teenoor die Bos
- Joram as leier van sy houtkapspan en sy verhouding met MacDonald
- Joram se verhouding met sy seuns
- Jou eie mening of die dood van Joram in die verhaal funksioneel is (10)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 14**

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

14.1 David bly ondanks sy toenemende betrokkenheid by die Iere deurgaans ’n buitestander. Bespreek hierdie stelling in 300 – 400 woorde en gee aandag aan die volgende aspekte:

- David as alleenmens
- Sy passiewe optrede verhoed werklike betrokkenheid by die Iere
- Sy slotoptrede is dié van ’n buitestander
- Jou eie mening oor die betekenis van sy slotoptrede vir homself (20)

14.2 Die invloed wat Liam O’Neill op David se lewe en ontwikkeling uitgeoefen het, is aanvullend tot Alice se rol in sy ontwikkeling. Alice was die aktiveerder van nuwe idees en Liam was die begeleier van David se nuwe bestaanswese. Bespreek hierdie stelling in 180 – 200 woorde deur aandag te skenk aan die volgende hoofpunte:

- Alice se invloed op David
- Liam se invloed op David
- Jou eie mening of hul invloed op David vir hom voordelig was (10)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 15**

***Fiela se Kind* – Dalene Matthee**

15.1 Die verhaal speel nie nét op die plaas Wolwekraal in die Lange Kloof en die Bos om Knysna af nie, maar ook in die dorp en by die see waar Benjamin/Lukas en Nina ingrypende veranderinge ondergaan en tot nuwe insigte kom. Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde en verwys onder andere na die volgende aspekte:

- Nina se verandering by miss Weatherbury
- Benjamin/Lukas se ervaringe by die see wat aanleiding gee tot sy besluit dat hy nie weer terugkeer Bos toe nie
- Die stryd wat in hom woed oor sy gevoelens vir Nina
- Jou mening of Benjamin/Lukas die kind van 'n matroos kan wees (15)

-

15.2 Al die Bosmense word op een of ander wyse, letterlik of figuurlik, vasgevang in die Bos. Bespreek hierdie stelling in 200 – 250 woorde deur aandag te skenk aan die volgende hoofpunte:

- Benjamin se gevoel van vasgevangenheid toe hy sy intrek by die Van Rooyens gaan neem
- Elias is letterlik vasgevang deur die olifante.
- Nina se vasgevangenheid weens haar liefde vir die Bos en sy diere
- Hoe Benjamin en Nina bevry word van hul vasgevangenheid; en jou mening waarom daar geen bevryding vir Elias kom nie (15)

**[30]**

**OF**

**VRAAG 16**

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

16.1 Die Magistraat kry geleidelik insig in die redes vir die optrede van Toorberg se mense in die boorgatgebeure deur die inligting wat hy stelselmatig vergader. Bespreek hierdie stelling in 300-400 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Die doel van die ondersoek
- Die wyse waarop die inligting ingesamel word
- Die verhouding tussen die Moolmans en die Skaamfamilie
- Die beskikbaarheid van water op Toorberg simboliseer die einde van die Moolman-heerskappy.
- Die bevinding wat die magistraat behoort te maak, en jou mening daaroor (20)

16.2 Bybelse gegewens word by die verhaalgebeure betrek deur die gebruik van Bybelse benaminge in die verhaal. Bespreek in 180 – 200 woorde watter ooreenstemming daar voorkom tussen die verhaalgebeure en die Bybelse gebeure as gevolg van die Bybelse benaminge. (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**